Maandag **5 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 7:18-29**

**Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:22-23, 28-29**

## Daar is geen teleurstellings in die Here se grootheid nie

Ons kan net dink wat ’n teleurstelling dit moes gewees het toe Dawid gehoor het dat hy nie die tempel vir die HERE mag bou nie (sien vs 5, 13). Tog hoor ons geen teleurstelling in sy gebed nie. Veel groter is sy dankbaarheid oor die belofte van God se genade in sy huis, wat oor geslagte heen sal strek. Stamelend sing hy ’n loflied oor God se grootheid, wat duidelik word in God se dade.

God se grootheid word sigbaar in dit wat Hy met Israel gedoen het. Hy het hulle uit genade sy volk gemaak en hulle met magtige dade uit Egipte verlos. In die woestyn het Hy hulle wonderbaarlik versorg en gelei, om hulle in die beloofde land te vestig. In Kanaän moes die volke erken dat hulle gode niks is nie teenoor die God van Israel wat kragtig sy volk bewaar. Dit alles gebeur in ooreenstemming met God se belofte wat Hy soveel jare gelede aan hulle voorvader Abraham gemaak het.

Hoe reageer ons op God se beloftes aan ons? Staan ons dalk teleurgesteld omdat God se beloftes nie altyd volgens ons behoefte is nie? Ons soek voorspoed, geluk en welvaart, terwyl die HERE ’n lewende verhouding met Hom beloof, waar Hy ons God is en ons sy kinders. Maar hoeveel groter en ryker is sy belofte nie? ’n Belofte waar ons waarlik God se grootheid sien. Want om in ’n lewende verhouding met Hom te kan wees, moes Christus ons met sy kruisoffer verlos van die slawerny van die sonde. En hoe wonderbaarlik versorg en lei Hy ons nie na ons beloofde land, die hemelse heerlikheid by God, nie! Waar die verhoogde Christus, as ewige Koning uit die nageslag van Dawid, nou God se raadsplanne tot uitvoering bring.

Kom ons vind troos in God se grootheid wat besonder sigbaar word wanneer Hy sy beloftes in Christus vervul. Kom ons wees verseker dat Hy al sy beloftes aan ons hou, omdat Hy as almagtige God ons met die goeie kan en wil versorg.

*Sing: Psalm 105-1:1, 5*

*Ds. PR (Retief) Gouws (Bergsig)*